23 Augustus **Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25 en 4:12-19**
Fokusgedeelte: Matteus 5:10

Geseënd is die vervolgdes

Dit bly tog vreemd dat iemand vervolg word wat die geregtigheid van God soek, veral as so ’n persoon arm van gees, treurend, soekend na geregtigheid, sagmoedig, barmhartig en ’n vredemaker is. Tog gebeur dit. Ons moet die rede miskien eerder gaan soek in wie die persoon is wat vervolg word as in wat die persoon doen wat vervolg word. Die vervolging vind plaas omdat die gelowige die van van Christus dra en getrou aan die van wil lewe. Agter die vervolging sit die duiwel en sy bose magte wat uit die hemel neergewerp is en nou die volgelinge van Christus aanval.

Daarom kan en moet ons vervolging verwag. Die vervolging kom ook van die aanhangers van die verkeerde, naamlik dié wat dink hulle kan maak en breek, dié wat heeldag vrolik is en hulle verlustig in die verkeerde, dié wat die onreg najaag, dié wat hardkoppig is, die uitbuiters van die wêreld en dié wat onvrede soek. Dit gaan natuurlik nie oor vervolging wat jy self vir jou skep omdat jy kwaad doen of verkeerd optree of moeilikheid soek nie. Dit gaan oor vervolging ter wille van die Naam van die Here (Matt 10:22).

Wanneer dit vandag gebeur dat jy moet swaarkry omdat jy ’n Christen is, kan jy moed skep uit die belofte dat die koninkryk van die hemele aan mense soos jy behoort. Dit moet dien tot geloofsversterking dat jy aan Christus behoort. Juis die vervolging verseker jou dat die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis vir jou in bewaring gehou word.

Sing: Skrifberyming 15-3:1, 2, 3, 4 *Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*